Verwysing: 20200706-6815
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0006/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Leerder-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Provinsiale Programbestuurders en Prinsipale van openbare en onafhanklike spesiale skole

Onderwerp: 2020 Jaarlikse Opname vir openbare en onafhanklike spesiale skole

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se 2020 Jaarlikse Opname vir openbare skole en onafhanklike spesiale skole sal op **03 September 2020** afgeneem word. Daar sal van prinsipale verwag word om die akkuraatheid van leerder- en opvoederdata op SOBIS af te teken. Die sperdatum vir Provinsiale Programbestuurders en Bestuur- en Beheeramptenare om die Jaarlikse Opname se data af te teken, is **14 September 2020**.

2. Voor die prinsipaal of die gedelegeerde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende inligting korrek op SOBIS weergegee word:

2.1 Alle leerders wat geregistreer is en skool bywoon in 2020, is in hul korrekte grade, klasse en taal-van-onderrig-en-leer-kategorie.

2.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.

2.3 Graadveranderinge is voltooi.

2.4 Inligting oor leerdergestremdhede is korrek.

3. Die prinsipaal moet ook verseker dat die lys opvoeders op SOBIS, asook werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2020 onderrig word, bygewerk en geverifieer is, (indien grade en vakke wat in vorige jare onderrig is, nie meer op die opvoeder se 2020-werkslading van toepassing is nie, moet dit verwyder word).

4. Om te help met die verifiëring van leerder- en opvoederdata, is 'n aantal foutverslae beskikbaar gestel wat dien om die bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, te lei. Verseker asseblief dat alle foute wat op hierdie verslae vertoon word, voor aftekening opgelos is.

5. Die afmeldingsafdeling van die opname moet voltooi word om te bevestig dat die data 'n akkurate weerspieëling van die leerderinskrywings en die getal personeel is, soos op **03 September 2020**.

6. Daar sal van hospitaalskole verwag word om 'n drukstuk van die opname te voltooi en by mnr. Charfred Ahrends op die 18de Vloer, Goue Akker, Kaapstad, in te dien. Die opname sal direk aan skole verskaf word.

7. Die prinsipaal as die institusionele Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)-beampte, moet die dataprosesse bestuur om te verseker dat die verifikasiebewys en die handtekeninge van die gedelegeerde personeel wat aangewys is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se sakeproses ten opsigte van OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid vir die korrektheid van data te verseker. Vir meer inligting kan Kennis- en Inligtingsbestuursminuut 0003/2012 van 10 Augustus 2012, geraadpleeg word. Prinsipale moet onthou dat vanaf 2014, korrekte SOBIS-data 'n voorvereiste is vir skole om die tweede bedrag van norme-en-standaarde-toewysings te ontvang (Omsendbrief 0044/2013 van 29 Oktober 2013).

8. 'n Nasionale identiteitsnommer (ID)-nommer is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van ID-nommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie 'n geldig ID-nommer het nie, moet 'n ongeldige ID-nommer NIE vasgelê word NIE. Gee raad aan die ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake (DHA) aansoek te doen. Waar moontlik, moet prinsipale ouers tydens die proses by die DHA help.

9. Die WKOD sal die nakoming en data-kwaliteit van alle Jaarlikse Opname-voorleggings monitor en alle gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

10. Onafhanklike skole word herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

11. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kontak asseblief die tersaaklike distrik se leerderondersteuningshoof of inligtingstelselbeampte wat hieronder gelys is:

Provinsiale Programbestuurders: Spesiale Skole

SKOLE/SENTRUMS	PROGRAM-BESTUURDER	TEL.	E-POS
Jeugsorgsentrum, Blind, Hospitaalskole	Chasfred Ahrends	021 467 2426	Chasfred.Ahrends@westerncape.gov.za
Ernstige intellektuele gestremdheid	Dheena Achary	021 467 2122	Dheena.Achary@westerncape.gov.za
Spesifieke leergestremdheid, Liggaamlike gestremdheid, serebrale verlamming	Michael Heine	021 467 9288	Michael.Heine@westerncape.gov.za
Outisme/Doof	Minna Steyn	021 467 2223	Minna.Steyn@westerncape.gov.za
Vaardigheidskole	Rhoda Manuel	021 467 2227	Rhoda.Manuel@westerncape.gov.za

Bestuur en Beheer & Beplanningsamptenare: Onafhanklike Spesiale Skole

KONTAKPERSOON	TEL.	E-POS
Nazli Domingo-Salie	021 467 2235	Nazli.Domingo-Salie@westerncape.gov.za
Jerry Mofoka	021 467 2050	Jerry.Mofoka@westerncape.gov.za
Wayne Blauw	021 467 2557	Wayne.Blauw@westerncape.gov.za
William Jantjies	021 467 2748	William.Jantjies@westerncape.gov.za

Inligtingstelselbeamptes

DISTRIK	SOBIS-DISTRIKS-ADMINISTRATEUR	TEL.	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052 021 938 3101	masixole.stofile@westerncape.gov.za zintle.notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

12. Die WKOD waardeer opreg die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en maak staat op u voorgesette samewerking in 2020.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-08-25